# OP SOEK NA INTER-DISSIPLINÊRE SAMEWERKING – ENKELE UITDAGINGS

**J S de Swart**
*Departement Sosiologie, Universiteit van Wes-Kaapland*
*en*
**F Theron**
*Departement Ontwikkelingsadministrasie, Universiteit van Stellenbosch*

**Probleemstelling**

Dit blyk duidelik uit die omvangryke problematiek insake "ontwikkeling", en die uiteenlopende klemverskille in die "ontwikkelingspraktyk", dat 'n inter-dissiplinêre en gekoördineerde benadering tot ontwikkeling dringend geword het. 'n Ernstige heroriëntasie ten opsigte van ontwikkelingsteorie, – beplanning en – strategie word benodig.[1]

In die publikasie van Coetzee (1986): *Development is for People,* wys Beukes in sy bydrae ten opsigte van *"Research needs in respect of development in Southern Africa"*, op die noodsaaklikheid van holistiese en inter-dissiplinêre strategieë tot die aanspreek van die ontwikkelingsvraagstukke van Suidelike Afrika. Die oproep tot inter-dissiplinêre samewerking en -navorsing word enersyds nie genoegsaam beklemtoon nie en andersyds nog minder in die praktyk bereik. In hierdie artikel word enkele uitdagings vir inter-dissiplinêre samewerking van naderby beskou.

**Die Ontwikkelingsproblematiek**

Nie net bestaan daar reeds vir dekades 'n debat oor die mislukkings van die ontwikkelingspraktyk nie, maar die debat insake die inhoud en betekenis van die konsep "ontwikkeling" is nog glad nie afgehandel nie. (Kotzé 1983; Todaro 1985; Coetzee 1986; Boonzaier en Sharp, 1988). Nieuwenhuize (1979:63) stel dit treffend:

> "Nothing could be more mistaken than to assume that those engaging upon development work and development studies *know and agree* upon the meaning of 'development'." (Skrywers se kursief).

In die finale instansie word die konsep "ontwikkeling" 'n materiële betekenis gegee deur diegene wat die toekenning van skaars hulpmiddele o.a. geldmiddele in 'n samelewing beheer. Erens tussen hierdie "powerful" besluitnemers en die "powerless people" bevind sosiale wetenskaplikes hulself. Die sosiale wetenskaplike gee die inhoudelike teoretiese klem en betekenis aan "ontwikkeling". Aangesien hierdie betekenis normatief van aard is, verskil dit van dissipline tot dissipline en van navorsingstradisie tot navorsingstradisie (binne bepaalde dissiplines). Die "goeie bedoelinge" van byvoorbeeld die modernisasieskool se *teorie en praktyk* verskil drasties van mekaar soos die afhanklikheidskool aandui. (Blomström en Hettne 1987; Coetzee, 1983)[2].

Binne elkeen van die verskillende dissiplines verdeel onversoenbare navorsingstradisies die enersdenkendes (ten opsigte van vak dissipline) in 'n magdom andersdenkendes. Om te praat van samewerking oor vakgrense heen raak ietwat idealisties teen die agtergrond dat binne elkeen van die verskillende vakdissiplines (soos byvoorbeeld in die Sosiologie) daar geen eenstemmigheid bestaan ten opsigte van die konseptualisering en materialisering van die konsep "ontwikkeling" nie. Enige poging tot interdissiplinêre samewerking sal ook die problematiek van interne dissiplinêre samewerking moet oorbrug.

Dit beteken egter nie dat ons konsensus moet (of kan) bereik nie. Wat wel nagestreef moet word, eerder as die onhaalbaarheid van konsensus, is 'n interdissiplinêre ontwikkelingsraamwerk.

**'n Multi-dissiplinêre benadering**

Vir Todaro (1985) onder andere, moet 'n multi-dissiplinêre, inklusiewe en holistiese benadering tot ontwikkeling as proses nagestreef word. Verskeie instansies en skrywers steun bogenoemde. Gedurende die afgelope paar jaar het dit duidelik geword dat 'n meer gekoördineerde benadering tot navorsing oor ontwikkeling in Suidelike Afrika noodsaaklik is. Dié behoefte is ook grootliks deur Coetzee (1986:215-240), geïdentifiseer.

In 1984 het die Ontwikkelingsvereniging van Suidelike Afrika 'n simposium aangebied insake die stand van ontwikkelingsdenke. 'n Aantal "ontwikkelingsgerigte"-dissiplines is geïdentifiseer en 'n akademikus is versoek om 'n referaat te lewer oor sy betrokke dissipline se "ontwikkelingsfokus". Die verrigtinge is gepubliseer in Development Southern Africa (1985), *"Development: The state of the art"*.

Die RGN se Instituut vir Navorsingsontwikkeling poog ook om interdissiplinêre navorsing te koördineer. Só byvoorbeeld is in Oktober 1986 'n seminaar aangebied oor die koördinering van ontwikkelingsnavorsing in Suidelike Afrika. (RSA 2000, 1987). 'n Belangrike ontwikkeling op die terrein van interdissiplinêre samewerking was die totstandkoming van die Program vir Ontwikkelingsnavorsing (PRODDER) by die RGN.

Die oogmerk met PRODDER, wat in 1987 in werking getree het, is om alle soort ontwikkelingsnavorsing te bevorder, ondersteunende dienste te bied en om as tussenganger op te tree vir diegene wat navorsing benodig; die navorsingsgemeenskap, en diegene wat dit finansier. Soos in die probleemstelling beklemtoon, wys PRODDER daarop dat ontwikkelingsnavorsing nog nie die verlangde resultate opgelewer het nie. PRODDER stel dit duidelik dat ontwikkelingsnavorsing inter-dissiplinêr moet wees. Beukes (1986:215-240 en 1987:6-17) sluit hierby aan. Sien ook Groenewald (1987), Nkuhlu (1987) en Van der Kooy (1988).

**Stads- en Streekbeplanning: 'n voorbeeld**

Gegewe die voorafgaande is dit belangrik om kennis te neem van 'n onlangse

oproep tot inter-dissiplinêre samewerking. Die versoek kom vanuit die geledere van Stads- en Streekbeplanners; 'n dissipline wat opsigself 'n interdissiplinêre benadering volg. By monde van die Suid-Afrikaanse Instituut van Stads- en Streekbeplanners (SAISS) se nuusbrief word die volgende uitdaging gerig:

> "Wat die toekoms betref, is daar enkele uitdagings wat die beroep moet aanspreek. Van die vernaamste uitdagings is om die Stads- en Streekbeplanningsprofessie te laat groei en in die proses moet sy *verwantskap met verskeie steungroepe bestendig word*." (1988). (Skrywers se kursief).

Hierdie uitdaging, wat verwelkom behoort te word, in die introspeksie en vernuwing wat die sosiale wetenskappe in die breë en sekere van die sogenaamde "ontwikkelingsgerigte"-dissiplines spesifiek broodnodig het. Dat 'n heroriëntering tot "ontwikkelingsdenke" nodig is het die resultate van "ontwikkeling" baie duidelik in die praktyk geïllustreer.

Gegewe die dissiplinêre fokus van Stads- en Streekbeplanning, soos Beukes (1986:233) aandui en die dissipline se betrokkenheid by ontwikkelingsvraagstukke soos Claassen (1985:238-246) illustreer, staan dié (en andere) professies midde in van die grootste uitdagings van ontwikkeling wat vir Suider Afrika voor die deur lê. Stads- en Streekbeplanning, net soos byvoorbeeld Ontwikkelingsadministrasie, Ontwikkelingsekonomie en Geografie, is soos Beukes, (1986:233) aandui, "... one of the contemporary disciplines that has originated from the *realisation that the conventional demarcation and co-operation between special sciences can have very deleterious effects* with regard to the solution of complex modern problems." (Skrywers se kursief).

Bogenoemde sluit aan by die SAISS Nuusbrief se soeke na "verwantskap". Dissiplinêre "huwelike" met verwante dissiplines sluit egter veel meer in as dié potensiële huweliksmaats wat in die Nuusbrief genoem word, naamlik Ekonomie, Geografie, Sosiologie en die beroepe van Landmeetkunde en Argitektuur. 'n Studie van toelatingsvereistes van departemente van Stads- en Streekbeplanning, soos byvoorbeeld aan die Universiteit van Stellenbosch, bring aan die lig dat dissiplines soos Sielkunde, Publieke Administrasie, Ontwikkelingsadministrasie, wat dié sosiale wetenskappe betref en Wiskunde, Geologie, Landou-ekonomie, Bosbou en Siviele Ingenieurswese, wat ander wetenskappe betref, as toelatingsvereistes geld tot Stads- en Streekbeplanning.

Die rol wat bogenoemde dissiplines reeds speel en in 'n toenemende mate in die toekomsaksies insake ontwikkelingsbeplanning sal moet speel word ook geïllustreer deur die inhoud van die kursus in Stads- en Streekbeplanning. (Universiteit van Stellenbosch, 1988/89). Dié inter-dissiplinêre fokus in teorie en praktyk, word deur min dissiplines oortref en is Stads- en Streekbeplanning, soos Beukes, (1986), bevestig, "... completely intertwined with development: it is the very purpose of the discipline."

Die toets vir inter-dissiplinêre ontwikkelingsbeplanning lê egter nie in die *teorie* nie, alhoewel eersgenoemde alreeds moeilik bereik word, maar in die *praktyk*. 'n Verkenning van raakpunte tussen verwante "ontwikkelingsgerigte" dissiplines noodsaak 'n verbreeding van fokus. Die luukse van 'n eendissiplinêre vertrekpunt kan nie in die Afrika-konteks slaag nie en nog minder bekostig word. As "ontwikkeling" gaan oor die MENS sal "ontwikkelingsgerigte"-dissiplines nou die heiligdom van dissiplinêre grense oorsteek en in 'n veel meer sinvolle en gekoördineerde wyse saamwerk.

**Inter-dissiplinêre samewerking: enkele aanbevelings**

Inter-dissiplinêre dissiplines, soos onder andere Stads- en Streekbeplannig lewer besondere bydraes ten opsigte van die ontwikkelingseise van Suidelike Afrika. Die erkenning wat Stads- en Streekbeplanning in die ontwikkelingspraktyk geniet sal soos in die geval van ander dissiplines wat die Ontwikkelingsvereniging van Suidelike Afrika identifiseer, in die toekoms moet toeneem. Gegewe die navorsingsbehoeftes wat Beukes (1986:234-240) identifiseer is dit duidelik dat daar besondere uitdagings op inter-dissiplinêre vlak voorlê;

> "... the issue of the *development of people* is a central and overarching concern which demands the *attention of scientists from a very wide range of disciplines*. This recognition is accompanied and made more problematical by the growing emphasis on a more *holistic approach* to the definition as well as the *practical handling* of the problem" (Beukes 1986:216). (Skrywers se kursief.)

In 'n poging om 'n meer holistiese en praktiese, uitvoerbare benadering tot inter-dissiplinêre samewerk te vestig, word die volgende voorgestel.

Eerstens, gegewe die subjektiewe aard van "ontwikkeling" en die "ontwikkelingsgerigte" dissiplines se eiesoortige uitgangspunte, is soos aangedui 'n definisie van ontwikkeling problematies en self onnodig. 'n Praktykgerigte "definisie van ontwikkeling" behoort geformuleer te word na gelang van byvoorbeeld La Palombara (1971:177-191) se sogenoemde "country profile analysis", waar gelet word op die "*NEEDS, RESOURCES, OBSTACLES,* en *POTENTIALITY*". Gegewe só 'n "profiel" kan 'n "bruikbare" definisie geformuleer word deur 'n inter-dissiplinêre span, in 'n holistiese konteks, wat die verskillende tipes definisies wat onderskei word inkorporeer, naamlik, "*empirical, operational, moral* en *structural*." (Kotzé 1983:14-18).

So 'n definisie kan dan ingebou word in die betrokke ontwikkelingstrategie wat geformuleer word. Daar bestaan nie 'n goeie òf 'n slegte definisie nie. Die omstandighede sal bepalend en deurslaggewend wees. Net soos in die geval van modelle is daar nie, veral in die Afrika konteks, universele, geldige "definisies" nie.

Tweedens word voorgestel dat sosiale wetenskaplikes (weer eens) erns maak van die mislukkings van westerse modelle en navorsingstradisies in 'n poging om pre-imperiale, of post-imperiale probleme aan te spreek. Die logiese uitvloeisel van bogenoemde is dat ons wetenskapsbeoefening opsigself 'n endogene proses moet wees. In 'n poging om laasgenoemde (binne inter-dissiplinêre konteks) te bereik sal sosiale wetenskaplikes meer moet fokus op empiriese navorsing, ter plaatse.

Die grense tussen dissiplines en navorsingstradisies word nie sonder meer oorbrug in empiriese navorsing nie. Nietemin is hierdie grense minder rigied binne 'n empiriese milieu. Bryant

en White (1982:135) stel dit soos volg:

"Development is in many aspects an empirical issue. It involves very specific and down-to-earth questions such as how much people have to eat, how much food is produced, what basic needs have been met. All of these questions require the collection of data, the handling and absorption of information about people, their situations, and their environments. This data gathering can be a liberating process. Asking farmers about problems or mothers about health needs can raise the consciousness of administrators. The process may help them to be more perceptive and effective. Sending field agents to survey the perception of landless peasants puts them in touch with a previously unrecognized sector of the community."

Hierdie klemverskuiwing na empiriese navorsing is 'n essensiële vertrekpunt in 'n poging tot die verkonkretisering van ons studies ter plaatse en die bereiking van interdissiplinêre samewerking.

**Voetnotas**

1. Dissiplines wat "ontwikkelingsgerig" is, is legio, soos Beukes (1986:218-234) aandui. Elkeen maak sy besondere aansprake oor sy bydrae op hierdie omvangryke terrein.
2. Hier ter lande word ook ernstige vrae gevra oor die suksesvlak van "ontwikkeling". (Fair 1982; Tomlinson en Addleson 1987).
3. Beukes, (1986:215-240) lewer 'n oorsig van bogenoemde simposium en formuleer in die lig daarvan "ontwikkelingstemas en navorsingsdoelwitte", waarvan "ontwikkelingsgerigte" dissiplines ernstig kennis moet neem.

**Bibliography**


Beukes, E.M. 1986. "Research needs in respect of development in Southern Africa," in J.K. Coetzee (ed.), *Development is for people*, Johannesburg, Macmillan Publishers, pp. 215-240.

Beukes, E.W. 1987. "Theoretical and methodological guidelines for research on the development of Southern Africa," in *RSA 2000 Gesprek met die toekoms : Navorsing vir ontwikkeling*, vol. 9, No. 1, Pretoria, RGN, pp. 6-17.

Blomström, M. en Hettne, B. 1987. *Development theory in transition. The dependency debate and beyond: Third World responses*, London, Zed Books.

Boonzaier, E. en J. Sharp (ed.) 1988. *South African keywords. The uses and abuses of political concepts*, Cape Town, David Philip Publishers.

Bryant, C. en White, L. 1982. *Managing Development in the Third World*, Colorado, Westview Press.

Claassen, P.E. 1985. "The contribution of urban and regional planning towards regional development in Southern Africa," in *Development Southern Africa*, vol. 2, No. 2 (May), pp. 238-246.

Coetzee, J.K. 1986. *Development is for people*, Johannesburg, Macmillan Publishers.

*Development Southern Africa.* 1985. vol. 2, No. 1 (February), en vol. 2, No. 2 (May), Sandton, Development Bank.

Fair, T.J.D. 1982. *South Africa: Spatial frameworks for development*, Juta & Co, Cape Town.

Groenewald, F.P. 1987. "Development research : A science policy perspective," in *RSA 2000 Gesprek met die toekoms : Navorsing vir ontwikkeling*, vol. 9, No. 1, Pretoria, RGN, pp. 1-5.

Kotzé, D.A. (ed.) 1983. *Development policies and approaches in Southern Africa*, Pretoria, Academica Publishers.

La Palombara, J. 1971. "Alternative strategies for developing administrative capabilities in emerging nations," in F.W. Riggs (ed.), *Frontiers of Development Administration*, Durham, Duke University Press, pp. 171-226.

Nieuwenhuize, C.A.O. 1979. "Balance carried foreward. A review of twenty five years of development studies at the Institute of Social Studies," *Proceedings of the Institute of Social Studies 25th Anniversary Conference*, The Hague, Nyhoff Publishers.

Nkulu, W.L. 1987. "The need to broaden participation in development." in *RSA 2000 Gesprek met die toekoms : Navorsing vir ontwikkeling*, vol. 9, No. 1, Pretoria, RGN, pp. 21-23.

RSA 2000. 1987. *Gesprek met die toekoms: Navorsing vir ontwikkeling*, vol. 9, No. 1, Pretoria.

Suid-Afrikaanse Instituut van Stads- en Streekbeplanners, 1988. Nuusbrief, Desember.

Todaro, M.P. (1985) *Economic Development in the Third World.* (Third Edition), New York, Longman Publishers.

Tomlinson, R. en M. Addelson (ed.) 1987. *Regional restructuring under apartheid. Urban and regional policies in contemporary South Africa,* Ravan Press, Johannesburg.

Universiteit van Stellenbosch, Fakulteit Lettere- en Wysbegeerte Jaarboek, 1988-89, Deel 4, pp. 125-131.

Van der Kooy, R.J.W. (ed.) 1988. *Prodder's Development Annual 1988*, Prodder, HSRC, Pretoria.